| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier | TOTALE PUNTE |
|---|---|
| | |

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

# VERBRUIKERSTUDIES

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur

200 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel word in vier afdelings verdeel:

   **AFDELING A:** Voedsel en Voeding en Verbruikerverwante kwessies
   **AFDELING B:** Kleding en Verbruikerverwante kwessies
   **AFDELING C:** Behuising en Verbruikerverwante kwessies
   **AFDELING D:** Uitgebreide Skryfrespons

3. Lees die vrae noukeurig deur.

4. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en handig dit aan die einde van die eksamensessie in. Onthou om jou eksamennommer in te vul in die spasie wat op die vraestel voorsien word.**

5. Die punte wat aan elke vraag toegeken word dui die detail aan wat verlang word.

6. Sakrekenaars mag gebruik word.

7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

8. TWEE skoon bladsye (bladsy 29 en 30) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan, indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

**Puntetoekenning**

| V1 | V2 | V3 | V4 | V5 | V6 | V7 | V8 | V9 | V10 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | |
| 17 | 10 | 23 | 15 | 5 | 25 | 15 | 6 | 49 | 35 | /200 |

IEB Copyright © 2023

## AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN DIE VERBRUIKER

## VRAAG 1 KORTVRAE

1.1 **Meerkeusige vrae**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees korrekte antwoord op elk van die volgende vrae. Skryf slegs die letter (A–D) van jou keuse in die tabel hieronder neer.

| **Vraag** | **1.1.1** | **1.1.2** | **1.1.3** | **1.1.4** |
|---|---|---|---|---|
| **Antwoord** | | | | |

1.1.1 Simptome van bulimia nervosa sluit in …

A irrasionele vrees om gewig op te tel; lae bloeddruk.
B fyn haargroei oor wange; menstruasie hou op.
C eetvergryping; misbruik van lakseermiddels of diuretika.
D geswelde speekselkliere; oormatige maerheid. (2)

1.1.2 'n Skeletsiekte waar bene poreus en bros word as gevolg van 'n gebrek aan kalsium en ander faktore.

A Artritis
B Osteomalasie
C Osteoporose
D Osteosarkoom (1)

1.1.3 … kan lei tot die ontwikkeling van koronêre hartsiekte.

A Om gereeld avokadopere te eet
B Eet van maaltye wat hoog in versadigde vet is
C Om voorkeur te gee aan hoëdigtheid lipoproteïene
D Die verhoogde inname van oplosbare vesel (1)

1.1.4 Die volgende feite is van toepassing op ystertekort-anemie.

1. 'n Gebrek aan intrinsieke faktore om vitamien $B_{12}$ te absorbeer.
2. Lewer is 'n swak bron van yster.
3. Veganiste kan daaraan ly.
4. Botter en olierige vis kan help om ysterabsorpsie te verhoog.
5. Bloedverlies is die mees algemene oorsaak.
6. Aarbeie, koejawels en lemoene kan die opname van yster aanhelp.

A 1, 2, 5
B 2, 3, 4
C 2, 4, 5
D 3, 5, 6 (3)

IEB Copyright © 2023

1.2 Gee een woord/term vir die volgende beskrywings.

Skryf slegs die korrekte term/woord in die spasie hieronder voorsien.

1.2.1 Die hormoon wat die ensieme in spier- en vetweefsel stimuleer om glukose af te breek vir energie.

________________________________________ (1)

1.2.2 Die stof wat abnormale reaksies van die immuunstelsel veroorsaak op stowwe wat gewoonlik onskadelik is.

________________________________________ (1)

1.2.3 'n Mediese toestand waarin galpigmente in die bloed vergeling van die wit van die oë, vel en slymvliese veroorsaak.

________________________________________ (1)

1.2.4 Wanneer voedsel soos kruie met baie kort lig en radiogolwe behandel word om skadelike organismes te vernietig.

________________________________________ (1)

1.2.5 Alle mense het te alle tye toegang tot voldoende kos om 'n gesonde, aktiewe lewe te lei.

________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2023 

1.3 **Pas die kolomme**

Kies 'n voedselbymiddel-funksie uit Kolom B wat die beste by die voedselbymiddel in Kolom A pas. Skryf slegs die letter van jou keuse in die tabel hieronder neer.

| **Vraag** | **1.3.1** | **1.3.2** | **1.3.3** | **1.3.4** | **1.3.5** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Antwoord** | | | | | |

| **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|
| **Voedselbymiddel** | **Funksie van voedselbymiddel** |
| 1.3.1 Gelatien | A Emulsifiseerder |
| 1.3.2 Sitroensuur | B Antimikrobies |
| 1.3.3 Kalsiumpropionaat | C Stabiliseerder |
| 1.3.4 Lesitien | D Bleikmiddel |
| 1.3.5 Sorbitol | E Kleurmiddel |
| | F Geurmiddel |
| | G Antioksidant |

(5)
**[17]**

IEB Copyright © 2023

**VRAAG 2**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## Kwasjiorkor



Ongelukkig is wanvoeding by babas steeds algemeen in baie dele van die wêreld. Kinders wat ernstig aangetas is, word baie maer, maar met 'n geswelde boepmaag. Dit word kwasjiorkor genoem en kom voor omdat hul liggame nie vloeistowwe behoorlik kan verwerk nie. Babas met kwasjiorkor is baie kwesbaar – as hulle 'n diarreekiem opdoen, ontwikkel hulle vinnig skok.

[Bron: <https:/wwww.childhealthafrica.org/kwashiorkor>]

2.1 Beskryf die oorsake van die wanvoedingstoestand *kwasjiorkor*.

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

2.2 Noem TWEE *addisionele* simptome van kwasjiorkor wat nie in die uittreksel genoem word nie.

________________________________________

________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2023

2.3 Noem TWEE moontlike komplikasies van chroniese diarree by 'n baba.

(2)

2.4 Verduidelik TWEE voedingsverwante wenke vir die behandeling van akute diarree.

(4)

**[10]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 3

Bestudeer die voedingsinligting op die etikette van drie verskillende ontbytgraankosse noukeurig en beantwoord dan Vraag 3.1 en 3.2.

(Voedingsinligting per enkele 40 g porsiegrootte)

| **Ontbyt-graankos** | **Energie (kJ)** | **Proteïne (g)** | **Koolhi-drate (g)** | **Glukemiese indeks** | **Totale vet (g)** | **Dieetvesel (g)** | **Natrium (mg)** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **A** Graanvlokkies | 542 | 2,6 | 28 | 85 | 0,4 | 0,9 | 160 |
| **B** Hawermout | 633 | 5,2 | 23 | 51 | 3,2 | 4,6 | 2 |
| **C** Mieliemeel | 1335 | 2,9 | 29,2 | 73 | 1 | 0 | 2 |

[Bron: Eksaminator se eie]

3.1 Ontleed die volgende elemente om die beste ontbytgraan (A, B of C) vir 'n persoon met tipe 2-diabetes te bepaal:

(i) voedingsinligting (9)

(ii) die glukemiese indeks (5)

Lei af watter ontbytgraan (A, B of C) die beste keuse sal wees en hoekom. (2)

IEB Copyright © 2023

(16)

IEB Copyright © 2023

3.2 Kies en assesseer die geskikste ontbytgraan (A, B of C) vir 'n persoon wat aan sowel glutenintoleransie as vetsug ly.

(7)
**[23]**

## VRAAG 4

Bestudeer die lys kos- en drankitems hieronder.

| |
|---|
| Lensie-lasagne<br>Aartappelgebak<br>Glas rooiwyn<br>Geroosterde volgraankaasrolletjies<br>Gestoomde broccoli<br>Geblikte koejawels met geklopte room<br>Gesnyde papaja |

4.1 Beveel DRIE kosse/drankies uit hierdie lys aan wat die beste sal wees vir 'n persoon wat MIV/VIGS het en verskaf TWEE geldige voedingsverwante redes om elke keuse te ondersteun.

| **Aanbevole kos/drankies** | **Redes**<br>*Moenie* redes herhaal nie. |
|---|---|
| (1) | (2) |
| (1) | (2) |
| (1) | (2) |

IEB Copyright © 2023

4.2 Beveel EEN kos/drankie-item uit hierdie lys aan wat vermy moet word deur 'n persoon wat MIV/VIGS het en verskaf TWEE geldige voedingsverwante redes om jou keuse te ondersteun.

| **Kos/drankies wat vermy moet word** | **Redes** |
|---|---|
| | |

(3)

4.3 Noem DRIE moontlike voordele van nutraseutiese voedsel vir mense wat MIV/VIGS het.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

(3)
**[15]**

**65 punte**

IEB Copyright © 2023 

## AFDELING B KLEDING EN DIE VERBRUIKER

### VRAAG 5 Pas die kolomme

Kies die verduideliking in KOLOM B wat by die modeterm in KOLOM A pas.

Skryf slegs die letter van jou keuse in die tabel hieronder neer.

| **Vraag** | **5.1** | **5.2** | **5.3** | **5.4** | **5.5** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Antwoord** | | | | | |

| **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|
| **Modeterm** | **Verduideliking** |
| 5.1 Styl | A Vinnige mode wat net so vinnig verdwyn as wat dit verskyn. |
| 5.2 Haute Couture | B Gedefinieer deur die konstruksielyne van 'n kledingstuk. |
| 5.3 Silhoeët | C Onderskei soortgelyke items van mekaar volgens die materiaal wat gebruik word. |
| 5.4 Neiging | D Unieke style geskep deur ontwerpers en bekendgestel by modevertonings. |
| 5.5 Gier | E Algehele indruk van die buitelyn, fatsoen en vorm van die kledingstuk. |
| | F Mode wat nie staties is nie en mettertyd verander. |

**[5]**

IEB Copyright © 2023

**VRAAG 6**

6.1 Ontleed die impak van uitgerafelde jeans op die natuurlike omgewing.

## Oge Okoye lyk superstylvol in uitgerafelde jeans-ensemble

Nollywood-aktrise, Oge Okoye, gaan uit en lyk superstylvol in 'n uitgerafelde jeans-ensemble. Sy dra uitgerafelde jeans, gemaak van kommersieel gekweekte katoen, 'n wit moulose mantel, 'n swart leersak en pers hakskoene.




[Bron: <https://www.instagram.com/p/BG4C1YnI8o5/?taken-by=ogeokoye>]

(5)

IEB Copyright © 2023

6.2 Die grafiese voorstelling hieronder verteenwoordig drie verskillende modesiklusse.




[Bron: <www.behindtheleopardglasses.com>]

6.2.1 Vergelyk hierdie modesiklusse met betrekking tot die aspekte in die tabel hieronder.

| Soort mode-siklus | Tydraamwerk | Redes vir tydraamwerk | Aantal persone wat dit dra |
|---|---|---|---|
| **Gier** | (1) | (1) | (1) |
| **Hoofstroom Mode** | (1) | (1) | (1) |
| **Klassiek** | (1) | (1) | (1) |

IEB Copyright © 2023

6.2.2 Evalueer die impak van *tegnologiese faktore* op modeverandering krities.

(7)

6.2.3 Stel VIER maniere voor waarop ou klere hergebruik kan word.

(4)
**[25]**

## VRAAG 7

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

### NAVOLGING IS DIE UITERSTE VORM VAN VLEIERY

Ethiopië: Handelsmerkroof speel 'n groot rol in komende WHO-gesprekke
Deur: **Samuel Getachew, in Addis Abeba**

Namate Ethiopië daarna streef om by die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) aan te sluit, neem meer internasionale handelsmerke plaaslike verbruikers van vals handelsmerke hof toe en wen. Een belangrike area van ondersoek deur WHO-lede is Ethiopië se intellektuele eiendomsregime, of gebrek daaraan. As deel van die toetredeproses is die aandag gevestig op 'n aantal kwessies met betrekking tot intellektuele eiendom.

Dié kwessies spruit uit die algemene praktyk van handelsmerkroof in die land.

**Handelsmerkroof is niks nuuts in Ethiopië nie**. Met een van die ekonomieë wat die vinnigste in die streek groei, is daar 'n hele rits namaaksels. Hierdie 'plaaslike' handelsmerke sluit Intercontinental Addis Abeba, ZARA, KKFC (Kaptein K Fried Chicken) en Kaldi's in. 'n Groeiende aantal internasionale handelsmerke wou die afgelope paar jaar in Ethiopië belê as gevolg van sy ekonomiese groei. Maar met plaaslike besighede wat voordeel trek uit die land se swak beskerming van intellektuele eiendomsregte het sommige internasionale beleggers weggebly.

Kenners beskou dit ook as 'n probleem dat wetgewing op internasionale intellektuele handelsmerkeiendom nie in Ethiopië afdwingbaar is nie omdat dit die handelsmerke se reputasie kan skaad.

Alhoewel die praktyk van handelsmerkroof in die gasvryheidsbedryf afneem, **word dit nou meer algemeen in die klerebedryf aangetref** met handelsmerke soos Puma, Nike en Adidas wat op Ethiopies-vervaardigde produkte aangebring word. Hierdie produkte word vervaardig van materiale van laer gehalte en goedkoop Chinese invoere met vals handelsmerke.

Daar word geglo dat die volgende strategie dikwels gevolg word in Ethiopië: moenie te veel aan handelsmerke of bemarking bestee nie, en moenie kostes vir handelsmerkbevordering aangaan nie; gebruik eerder die voordele van gevestigde produkte.

[Bron: <https://www.theafricareport.com/61566/ethiopia-brand-piracy-to-play-a-major-role-in-upcoming-wto-talks>]

7.1 Definieer die term *handelsmerkroof*.

___

___

___

___

(3)

IEB Copyright © 2023

7.2 "Handelsmerkroof het 'n drastiese uitwerking op die klerebedryf, die natuurlike omgewing, en op sy beurt die ekonomie."

Evalueer hierdie stelling deur die artikel as 'n riglyn te gebruik.

(12)
**[15]**

**45 punte**

## AFDELING C BEHUISING EN MEUBLEMENT EN DIE VERBRUIKER

## VRAAG 8

8.1 **Meerkeusige vrae**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) van jou keuse in die tabel hieronder neer.

| **Vraag** | **8.1.1** | **8.1.2** |
|---|---|---|
| **Antwoord** | | |

8.1.1 Volgens die … mag jy wettiglik 'n aankoop wat deur direkte bemarking gedoen is, binne vyf werksdae kanselleer.

A Verbruikersforum
B Wet op Verbruikersbeskerming
C Wet op Mededingingskommissie
D Nasionale Kredietwet (1)

8.1.2 'n Skriftelike belofte om 'n artikel te herstel of te vervang as dit breek, word 'n … genoem

A uitgebreide waarborg
B waarborg
C vrywaring
D versekering (1)

8.2 **Identifiseer items**

Watter van die volgende is kenmerke van parallelle invoere? Skryf slegs die letters van jou keuse op die onderstaande reël neer.

A Dit mag nie deur goedgekeurde handelaars verkoop word nie.
B Dit kan 'n waarborg hê wat deur die vervaardiger verskaf word.
C Dit is gemagtig om slegs deur die vervaardiger verkoop te word.
D Dit mag 'n land deur ongemagtigde verspreidingskanale binnekom.
E Die verkoper is nie altyd verplig om foutiewe goedere te herstel nie.
F Dit kan vrygestel word van invoerbelasting.
G Dit mag teen 'n laer prys as gemagtigde invoere verkoop word.

______________________________________________

(4)
**[6]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 9

Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Nquba en Utoni Wambui is al vir agtien jaar getroud en het nog altyd 'n huis gehuur. Hulle is tans op die uitkyk vir hul eerste huis en is uiters opgewonde oor hierdie volgende hoofstuk as 'n gesin. Hulle het twee tienerdogters en hulle geniet dit om naweke te onthaal. Hulle oorweeg dit om die huis te koop wat hieronder geadverteer word: Drie slaapkamerhuis te koop in Doodloopstraat vir $2 340 000.



[Bron: <https://www.property24.co.na>]

9.1 Wat is die naam van die wetlik bindende dokument wat Mnr. en Mev. Wambui se belang om die huis te koop, uiteensit?

______________________________________________________________ (1)

9.2 Watter dokument moet deur albei partye onderteken word voor die oordrag van die huis op die Wambuis se naam?

______________________________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2023 

9.3 Ontleed die volgende aspekte om die implikasies van die koop of huur van 'n eiendom te vergelyk.

| | ASPEK | KOOP | HUUR |
|---|---|---|---|
| (a) | Eienaarskap en belegging | (4) | (4) |
| (b) | Behuising-sekuriteit | (2) | (2) |
| (c) | Instandhouding | (1) | (1) |

IEB Copyright © 2023

9.4 Noem VIER kostes (die huisprys uitgesluit) waarvoor mnr. en mev. Wambui verantwoordelik sal wees as hulle besluit om die huis te koop.

(4)

9.5 Mnr. en mev. Wambui het die aansoekvorms vir 'n huislening by hul plaaslike bank voltooi en onderteken.

Noem DRIE ander dokumente wat hulle aan hul bank moet verskaf wanneer hulle vir 'n huislening aansoek doen.

(3)

IEB Copyright © 2023

9.6 Mev. Wambui benodig 'n nuwe vrieskas.

9.6.1 Vergelyk die opsies hieronder en bepaal watter een die beste opsie sal wees.

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Regop vrieskas kenmerke:**<br><br>Dienswaarborg<br>1-jaar waarborg<br>$3 800<br>AA gradering | **Kisvrieskas kenmerke:**<br><br>Dienswaarborg<br>2-jaar waarborg<br>$2 500<br>AAA Energiegradering |

[Bron: <https://www.bing.com/makro>]

(8)

IEB Copyright © 2023

9.6.2 Gee wenke aan die gesin om elektrisiteit op 'n meer doeltreffende manier vir die gekose vrieskas te benut.

(6)

9.6.3 Mev. Wambui besluit om die vrieskas te koop deur 'n afbetalingsverkoop-kredietooreenkoms te gebruik.

Evalueer hierdie aankoopbesluit.

(8)

IEB Copyright © 2023

9.6.4 Noem VIER verbruikersverantwoordelikhede wat mev. Wambui het sodra sy haar voorkeurvrieskas gekoop het.

(4)

**[49]**

**55 punte**

IEB Copyright © 2023

## AFDELING D GEVALLESTUDIE

## VRAAG 10

Lees die tekste hieronder. Gebruik die inligting wat verskaf word asook jou eie kennis om die vrae wat volg, te beantwoord.

### BRON A

## Hoë voorkoms van vetsugverwante hipertensie onder volwassenes van 40 tot 79 jaar

Hierdie studie het ten doel gehad om die voorkoms en verwante faktore van vetsugverwante hipertensie onder volwassenes van 40 tot 79 jaar te bepaal. Die voorkoms van vetsugverwante hipertensie en hipertensie oor die algemeen (sistoliese ≥ 130 mmHg en/of diastoliese ≥ 80 mmHg of behandelde hipertensie) was 22,8% en 57,4% hoër onder alle deelnemers. Deelnemers met vetsugverwante hipertensie, teenoor diegene met nie-vetsugverwante hipertensie, het 'n hoër voorkoms van hipertrigliseriedemie, hoë laedigtheid lipoproteïen cholesterolemie, diabetes en hiperurikemie gehad. Ontleding het getoon dat ouderdom, vroulike geslag, huidige rook, hipertrigliseriedemie, diabetes en familiegeskiedenis van hipertensie almal positief gekorreleer het met vetsugverwante hipertensie, terwyl 'n hoër opvoedingsvlak en om 'n eggenoot te hê, negatief gekorreleer het met vetsugverwante hipertensie. Aggressiewe en holistiese strategieë wat fokus op die voorkoming en behandeling van vetsugverwante hipertensie is nodig.


Hipertensie is 'n groot risikofaktor wat lei tot miokardiale infarksie, beroerte, nierversaking en dood. Vetsug verhoog die risiko van morbiditeit van hipertensie, dislipidemie, diabetes, koronêre hartsiekte, beroerte en hartversaking. Hipertensie en vetsug word albei geassosieer met verhoogde risiko's van alle-oorsake en kardiovaskulêre mortaliteit, en dit kom dikwels saam voor. Sosio-ekonomiese en demografiese veranderinge wat in baie ontwikkelende lande voorkom, dra ook by tot die las van hipertensie en vetsug, en tot die oorgang van morbiditeit van oordraagbare siektes na nie-oordraagbare siektes. Met die vinnige industrialisering en verstedeliking van die afgelope aantal dekades het die voorkoms van hipertensie en vetsug aansienlik toegeneem.

[Bron: Aangepas van: <https://academic.oup.com/jphsr/article/>]

IEB Copyright © 2023 

## BRON B

**Figuur 1 Die voorkoms van hipertensie en vetsugverwante hipertensie oor verskillende ouderdomsgroepe**




[Bron: Zhang, Y., Hou, L.-S., Tang, W.-W., Xu, F., Xu, R.-H., Liu, X., Liu, Y., Liu, J.-X., Yi, Y.-J., Hu, T.-S., Hu, R., Wang, T.-D. and Huang, X.-B. (2019). High prevalence of obesity-related hypertension among adults aged 40 to 79 years in Southwest China. Scientific Reports, 9(1). <https://doi.org/10.1038/s41598-019-52132-6>]

10.1 Beskryf die gesondheidstoestand *hipertensie* (hoë bloeddruk).

(5)

10.2 Onderskei tussen sistoliese en diastoliese bloeddruk.

(4)

10.3 Beskryf TWEE moontlike oorsake van nie-vetsugverwante hipertensie.

(4)

10.4 Ontleed die volgende stelling in Bron A: "Sosio-ekonomiese en demografiese veranderinge wat in baie ontwikkelende lande voorkom, dra by tot die las van hipertensie en vetsug".

(10)

IEB Copyright © 2023

10.5 Ontleed Bron B.

(8)

10.6 Lewer kommentaar oor die ekonomiese gevolge van hipertensie.

(4)

**35 punte**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2023

**BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)**

**OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD, ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET.**

IEB Copyright © 2023 

IEB Copyright © 2023